Die Aambeeld

Kwartaal 2

2016

Van akademie

Sport



Geestelik

tot Kultuur

...want dit gaan oor balans

Ook in hierdie uitgawe...



Classic Clashes

Oudskoliere-saamtrek

Uit die subredaktrises se penne...

Ek was die jaar lus vir iets nuuts, 'n uitdaging, maar nog meer iets waar ek net lekker kon betrokke raak by die skool. Omdat my skryfwerk nou nie iets besonders is nie, het ek besluit om een van *Die Aambeeld* se joernaliste te word.

Ek is nog nie een oomblik spyt nie. Om op die redaksie te wees, is beslis 'n fees. Dit is vir my ongelooflik lekker om oor die skool en al sy gebeure te skryf, en dit is nog lekkerder om terug te sit, 'n berig te lees en te weet ek het dit geskryf.

Vandat ek by die redaksie is, het my kennis en kreatiwiteit vir opstelle skryf baie verbeter. Dit is vir my lekker om by iets betrokke te wees waar ek werklik 'n verskil kan maak.

Ek wil graag baie dankie sê vir Shamim en Tania vir al hul harde werk, redigering, en al die ure wat hulle aan die uitleg spandeer het. Ek en Yvette is baie bevoorreg om deel van julle span te kan wees. Ons leer by die beste van die bestes!

Geniet die vakansie.

~ Jani Janse van Rensburg

"The best word shakers were the ones who understood the true power of words. They were the ones who could climb the highest."

Dít is hoe Markus Zusak die krag van woorde beskryf. Ek stem saam met hom. Enigiemand kan 'n belofte maak of ietsie mooi sê, maar die waarde wat jy self aan jou eie woorde heg, maak die verskil.

Ons kan baie met woorde doen. Jy kan 'n vriend of vyand maak met slegs een sin.

Woorde speel 'n belangrike rol in ons almal se lewens en hier by *Die Aambeeld* het ons werklik hierdie kwartaal probeer om ons woorde op wyse maniere te gebruik.

Toe ek aangesluit het by die redaksie het ek nooit eers daarvan gedroom om eendag in 'n redakteursposisie te staan nie, en hierdie kwartaal kan ek die voorreg met Jani Janse van Rensburg deel. Hier leer ons om onder druk te werk en ons oë oop te hou vir nuwe geleenthede. Om deel van die redaksie te wees, is egter nie altyd "maanskyn en rose" nie. Harde werk asook uithouvermoë word van alle redaksielede verwag. Aan die einde kan ek eerlik sê dat dit alles die moeite werd is as daar na die eindproduk gekyk word.

Jani en Yvette

Die Aambeeld merk weereens die einde van 'n propvol kwartaal met opwindende dinge. En dis tyd om bietjie vakansie te hou! Ek hoop dat julle hierdie vakansie julle woorde wys sal gebruik, dat julle lekker sal uitrus en dat julle die volgende opwindende kwartaal met oop arms sal omhels.

~ Yvette van der Walt

Uit die kantoor

Afgesien van die normale skoolprogram en sportbepalings wat gedurende die kwartaal afgehandel is, het die Drostdyers verskeie hoogtepunte in 'n baie besige kwartaal beleef. Tussen al die werk deur is die administratiewe kantore opgradeer en skep voorwaar 'n baie goeie indruk.

Ons moes met 'n swaar hart afskeid neem van oom Foxie wat skielik oorlede is.

Die saamtrek van oudskoliere en ondersteuners in Mei, wat met die Classic Clashes saamgeval het, was 'n besondere sukses en die gholf, funksies en sport het vlot verloop. Tydens die Groot Brag het die personeel hul kant gebring en die leerders behoorlik vermaak. Verskeie leerders is beloon vir hul deelname en prestasies gedurende die Somersport Prysuitdeling.

Op sportgebied het ons spelers uitsonderlik presteer. Vier rugbyspelers word in die o/18- Cravenweekspan opgeneem, terwyl nie minder as twaalf spelers vir die o/16- Grant Khomospan en een in die B-span verkies is. Die hokkie staan nie terug nie en ses seuns en vier meisies word in Noord- Boland Shiraz spanne opgeneem, terwyl drie spelers in Boland spanne gekies is.'n Totaal van drie meisies is in Wes-Kaapse netbalspanne opgeneem.

Op die tennisfront gaan ses seuns en ses meisies gedurende die vakansie aan die Gerrie Berner Uitnodigingstoernooi in Moorreesburg deelneem, terwyl 'n groep stoeiers na Johannesburg vertrek om aan die SA-Kampioenskap deel te neem. Mnr Oupie du Plessis neem 'n groep seuns om in Victoria-Wes te jag en lekker biltong te maak.

Voorspoed met al die aktiwiteite!

Redaksielede blaas nuwe lewe in Die Aambeeld

Die graad agts van hierdie jaar was maar alte gretig om te help om *Die Aambeeld* op te kikker met hul vars en oorspronklike idees.

Ons verwelkom die volgende lede:

V.l.n.r. Michelle Hendricks, Mari Möller, Mariné Brink, Zoë Zeeman, Elizé Lottering, Nadine Fick. Afwesig: Minette Visagie

Yvette van der Walt en Jani Janse van Rensburg is hierdie kwartaal verkies as subredaktrises van *Die Aambeeld.*

Dankie aan al die ander lede wat ook hul kant gebring het om *Die Aambeeld* 'n sukses te maak.

Nuwe redaksielede

SPORT

Noord-Suid Derby

Dié April-vakansie het ons leerders nie net gerus nie , maar ook hulle staal op die hokkie- en rugbyveld gewys. Die rugby- en hokkiespelers van Drostdy het hierdie jaar vir die eerste keer aan die Noord-Suid Derby deelgeneem. Dit het vanaf 23-28 Maart plaasgevind op ons eie velde.Die SA-speelster, Candice Manuel, het ons hokkiespelers omtrent 'n paar nuwe dinge touwys gemaak. Die rugby het ook baie goed gevaar en het teen skole soos Potchefstroom, Volkskool, Transvalia, Leeuwenhof, Daniël Pienaar en Marais Viljoen gespeel. Die hokkie het teen Marais Viljoen en Bridge House gespeel en hulle het baie goed gevaar. Elke rugby- en hokkiespeler het ook 'n hemp ontvang met die Noord-Suid Derby se logo op.

Uitslae van Dag 1:

Hokkie

~ o/14 seuns verloor 0-1 teen Bridge House
Wen 2-0 teen Marais Viljoen

~ 0/16 seuns wen 5-0 teen Marais Viljoen
Wen 3-0 teen Bridge House

~ o/18 seuns wen 1-0 teen Marais Viljoen
Wen 2-0 teen Bridge House

Rugby

Almal speel teen Marais Viljoen

~ o/14 wen 34-0
~ o/15 wen 34-7
~ o/16 wen 52 -0
~ o/19 verloor 12-14

Uitslae van Dag 2:

Hokkie

Drostdy vs Marais Viljoen

Dogters:

~ o/14 verloor 0-3
~ o/16 verloor 0-2
~ o/18 verloor 0-1

Seuns:

~ o/14 wen 5-0
~ o/16 wen 3-1
~ o/18 wen 2-0

Rugby

Drostdy vs Transvalia

~ o/14 wen 24-14
~ o/15 gelykop 12-12
~ o/16 wen 30-17
~ o/19A wen 36-12
~ o/19B wen 22-7 teen Leeuwenhof

~ Esmé Pettit

Uitslae van Dag 3:

Rugby

Almal speel teen Potchefstroom Volkskool

~ o/14 wen 63-0
~ o/15 wen 36-19
~ o/16 wen 19-0
~ o/19 wen 44-0

Meisies o/19A-hokkiespan

Seuns o/18A-hokkiespan

o/19A-rugbyspan

GOED, BETER, DONKIE NETBAL!

Die netbalmeisies het vanjaar die seisoen begin deur die Extreme-netbalkliniek in die Paarl by te woon. Daar het hulle baie vaardighede aangeleer en hulle het ongelooflike hulp ontvang van die Protea netbalspeelster, Erin Burger, asook die internasionale skeidsregter, Anso Kemp.

Die meisies se leuse is: "As ons werk, werk ons hard. As ons speel, speel ons nog harder!" Drostdy se netbal het die afgelope jaar baie verbeter, en die uitslae wys dit. Al die meisies oefen hard en almal is ongelooflike spelers met harte van goud. Hulle het Saterdag, 28 Mei, aan die "Top Schools" gaan deelneem. Van die skole wat speel, is onder andere Paarl Gimnasium, HMS Bloemhof, en HMS Paarl. Die meisies het baie ervaring opgedoen en hulle spel het ook verbeter. Dankie aan al die onderwysers en afrigters wat die netbalbaan vir die spelers so lekker maak.

Netbalspeelsters blink uit

Marli le Roux



V.l.n.r. Shanidine Bezuidenhout, Chané Adonis, Gabby Bennet

Puik individuele prestasies is die afgelope seisoen deur verskeie netbalspelers gelewer.
Die volgende leerders verwerf provinsiale kleure:
Chané Adonis en Shanidine Bezuidenhout - Wes-Kaap o/14.
Hulle speel die komende vakansie in die nasionale toernooi wat in Boksburg gehou word.
Gabby Bennet - Wes-Kaap o/15. Sy speel die komende vakansie in die nasionale toernooi wat in Durban gehou word.
Marli le Roux - Wes-Kaap ELSEN skole. Sy neem ook die komende vakansie aan die nasionale toernooi in Durban deel.
Baie sterkte aan die vier spelers. Ons beste wense vergesel julle. Aan die ander spelers - lekker rus.

~ Marli le Roux

Drostdy hokkie gaan van krag tot krag

Hokkie is wat hulle praat, hul hartklop. Hokkie ís hul leefstyl. Drostdy-hokkie is besig om die suksesleer vinnig te klim en hulle presteer uitstekend. Vir die eerste keer in nege jaar het ons drie leerders wat gekies is vir die IPT-span (Provinsiale span), asook nege leerders wat gekies is vir die Shiraz-span (Streekspan).

Die volgende leerders gaan die IPT- en Shiraz-spanne gedurende die Junie/Julie-vakansie verteenwoordig:

Shiraz / Streekspanne

o/14 Dogters :	- Suné Grobbelaar
	- Stefmari Burden
	- Simone van Wyk
o/14 Seuns :	- Christiaan du Plessis
	- Naudé Kloppers
o/16 Seuns :	- Tristan Matthews
	- Juan Cornelissen
o/18 Seuns :	- James Stanbridge
o/18 Dogters :	- Mariechen Jordaan

IPT/Provinsiale spanne

o/16 Seuns :	-Carel Marais
	-Jaques Marais
o/18 Seuns:	-Ruan Lambrechts



Links: Shiraz-spelers

Regs: IPT - spelers

DROSTDY RUGBY VAT VOOR

Die jaarlikse Grant Khomo vir o/16's en Cravenweek vir o/18's se proewe is 'n dag wat gemerk is op elke rugbyspeler se kalender.

Grant Khomo- en Cravenweek is 'n rugby week waartydens die provinsies teen mekaar speel om die beste provinsie te bepaal. Vir die Cravenweek-spanne is dit ook proewe vir die die SA-Skolespan. Die spelers wat gekies is vir die SA-Skolespan gaan dan vir Suid-Afrika verteenwoordig in die wêreldkampioenskap.

Hierdie jaar is daar 15 spelers in totaal gekies: 11 vir Grant Khomo en 4 vir die Cravenweek. Baie geluk, julle hou die Drostdy naam hoog.



Cravenweek. v.l.n.r : Bradley van Turha, Albert Liebenberg, Bronlee Mouries, Berto le Roux



Grant Khomo. V.l.a.n.r.v. : Ruben van Rooyen, Christi Grobbelaar, Thomas Bezuidenhout, Adriaan Mans, Shaun Baxter, Duan Bredenkamp, CJ van Rensburg, Larren Buys, Divan Noble (Grant Khomo B-Span), Romano Louw, Luciano Elias, Cohen Jasper, Heinrich Naudé

Die Grant Khomo week sal by Paarl Gimnasium gehou word van 4-8 Julie en Cravenweek in Durban van 10-16 Julie. Cravenweek se wedstryde word ook regstreeks uitgesaai op SS1.

Somersportsterre word vereer

Die jaar het sommer met volle vaart weggespring met 'n klomp bedrywighede by die skool.

Een daarvan was die begin van Drostdy se somersport, nl. krieket, swem, tennis, atletiek en toutrek. 'n Hele paar leerders het ook aan sportsoorte buite skoolverband deelgeneem soos muurbal, hengel, karate en binnenshuise hokkie. Drostdy-leerders het werklik uitgeblink in al die sportsoorte en dit was Woensdagaand (18 Mei) 'n geleentheid om aan dié aktiewe Donkies erkenning te gee.

Die aand het begin met mnr. Oupie du Plessis wat vir ons geopen het uit Spreuke en ons die goeie wenk gegee het om een of twee navolgingswaardige rolmodelle te hê.

Die orkes het ons laat welkom voel met hul harde werk, talent en presisie. Hulle energie en lekker ritme het gemaak dat 'n mens sommer weer die sportveld wil aandurf en met ywer aanhou oefen.

Mnr. Underhay het in sy spreekbeurt genoem dat Drostdy 'n goeie balans tussen sport en akademie het. As jy na al die pryswenners (100+ leerders) kyk, sal jy sien dat sy stelling inderdaad waar is. Drostdy is werklik 'n skool om op trots te wees.

Hier hou ons nie net ons breine aktief nie, fisiek is ons ook op 'n stywe drafstap. Baie geluk aan al die pryswenners.

~ Elizé Lottering

Donkies maak reg vir Bosvarke!

Op Woensdag, 4 Mei, het ons 'n mini brag vir die o/14-o/16 hokkie-, netbal- en rugbyspanne gehou. Die skool het besluit die o/14's verdien ook 'n kans om op die verhoog te verskyn, aangesien dit hul eerste Classic Clashes is, asook omdat hulle nog "vulletjies" is.

Die eerste spanne se Big Brag het Vrydag, 6 Mei, plaasgevind en voordat hulle die saal binnegekom het, was daar al hope gees. Die kapteins van die spanne het sy/haar span aan ons voorgestel tesame met 'n kort video en foto's van die span in aksie. Daarna het die onderwysers ons verras met hul eie konsert. Hulle het vir ons "The Voice" opgevoer tussen deelnemers van Gimnasium en Drostdy. Almal het dit baie geniet en ons het gesien dat ons onderwysers ook weet hoe om pret te hê. Onder andere is Freddy Mercury, gespeel deur mnr. Nelis Cornelissen, asook die hoofde van Gimnasium wie ons "ontvoer" het vir die konsert. Na die prettige affêre het ons nog 'n bietjie gees gevang en ons stemme opgewarm vir die pawiljoen Saterdag. Dit was 'n eerste vir baie asook 'n laaste vir ander, maar een ding weet ek wel, die Classic Clashes bly elke jaar 'n besonderse ervaring vir elke Donkie, Bosvark, ouer, onderwyser en oudleerder.

~ Bianka Gertsner



Drostdyers wys ware karakter tydens die Clashes

Worcester Gim het nie geweet wat hulle inwag met die harde rugby-, netbal-, hokkie-, skaak- en pawiljoenoptrede nie. Sommige harte was nog steeds seer oor verlede jaar se wedstryd, maar vol positiwiteit het ons saam - as 'n skool - hierdie jaar die Classic Clashes afgeskop.

Die jaarlikse Classic Clashes teen Worcester Gim het op 7 Mei plaasgevind. Dis altyd 'n groot datum op die kalender en daarmee saam was die "Old Boys" se saamtrek. Juis daarom was hierdie Classic Clashes beslis een groot "Classic".

Vroegoggend het die oudskoliere, getooi in hul ou rugbytruie en rooi keppies, uitgestaan. Hul entoesiasme was aansteeklik en toe die musiek om sewe-uur begin speel, was daar reeds 'n see van rooi.

Die netbal is reeds op die Vrydag afgehandel en hier het die o/14 A-span uitgestaan as die span om dop te hou. Die 0/16-spanne het goed gedoen en die eerstespan , wat baie juniors in het, kon nie die pyp rook nie al was die halftydtelling baie gelyk.

Die hokkiespanne het swaar gekry, maar die manne is vasberade om volgende jaar die bordjies te verhang. Ons spog met uitstekende afrigters en hier is baie talent.

Die rugby het begin en ons manne het omtrent gas gegee. Al ons spanne het gewen. Na 'n aanvanklike onseker begin kon die o/14A-span ook die knoop deurhaak. Die onder 15 en 16's het die Bosvarke goed op hul snoete laat kyk en met wegholoorwinnings geseëvier.

Die hoogtepunt van die dag was beslis die pawiljoenaksie en die eerstespan se wedstryd.

Wat sou hierdie rugbywedstryd sonder 'n klomp singende ondersteuners wees? Die pawiljoen was stampvol met 300 Donkies wat hul harte uitgesing het. Teambo het spesiaal van Bloemfontein af gekom om ons pawiljoenaksie die jaar 'n ekstra hupstoot te gee. Met al die drommetjies en *streamers* was ons die Bosvarke beslis ver voor. Die *cheerleaders* het die rugbywestryd met groot opgewondendheid laat afskop.

Natuurlik het ons hierdie jaar gewys wie baas is in die Classic Clashes en Drostdy het 13-8 gewen. Baie vreugde, trane en trots is net na die wedstryd op die A-veld beleef en die Old Boys het nie hul trots weggesteek nie.

Ons kaptein moes op 'n stadium die manne in blou aanspreek oor hul dissipline en hul fokus op rugby vestig. Dis tog jammer dat onnodige vuil spel en geniepsigheid tydens so 'n wedstryd toegelaat word. Die Drostdyers kan egter met trots sê dat hul ook , sovêr dit dissipline op die veld betref, karakter gewys het. Louwrens Du Toit is deur FNB as die *man of the match* aangewys en ons is beslis baie bly om hom hierdie jaar in ons rugbyspan te kon hê.

Vir oulaas is die skoollied gesing en hierdie jaar kon ons vir die Bosvarke die pad wys - weereens!

~ Yvette van der Walt en

Jani Janse van Rensburg



Bo v.l.n.r. Selfs die onnies was deel van die gangetjie vir die Eerste xv, die rasieleiers en die manne wat ophardloop. **Links:** Die 0/15's laat die varke sweet in die skrums.

Op julle merke...Gereed...

Soos julle almal weet, is Drostdy omtrént in die middae aan die gang wat sport betref. Hierdie kwartaal het Drostdy nog 'n doel bereik om vir die eerste keer in 'n lang tyd weer 'n landloopspan te hê met mnr. Hunter aan die stuur.

Dis vieruur op 'n Maandagmiddag en almal sweet, kry swaar en dis warm. Langman hardloop ver voor en Duppie is kort op sy hakke. Dit help nie eens die agterosse probeer byhou nie. Dis juis al hierdie kinders wat 'n passie het vir draf. Die span oefen elke middag van vier tot vyf om hulself voor te berei vir die naweke se landloopwedlope. Maandae hardloop hulle bulte en Donderdae hardloop hulle "time trial" by Worcester atletiekklub. Die span bestaan uit ongeveer 25 leerders.

Landlope mag wel 'n spansport wees, maar hier kompeteer jy teen jouself. Dit gaan daaroor om jou persoonlike tyd te verbeter. Jan Fick, welbekend as Langman, is tans ons top landloper en hou Drostdy se naam hoog by landloopkompetisies met 'n tyd van 14 minute en 40 sekondes vir vier kilo's. Nou dis BAIE vinnig!

Die meeste mense onderskat landlope, want jy hardloop mos maar net...

Wag maar totdat jy een middag self kom oefen. Dan sal jy besef hardloop is nie vir sissies nie!

Hulle stop nie wanneer hulle moeg is nie, hulle stop wanneer hulle klaar is, en dit is by die wenstreep.

DROSTDY GHOLFDAG

HTS Drostdy se jaarlikse gholfdag het plaasgevind op Vrydag, 6 Mei 2016. Dit het saamgeval met die Classic Clashes en die groot saamtrek wat hier gehou is. Die formaat van die gholfdag was in 4-bal-samespel met 'n beste dryf vanaf die bof.

Dit was 'n baie suksesvolle dag en daar was 160 spelers in die veld, wat dit die grootste gholfdag gemaak het wat Drostdy al ooit gehad het. Die spelers is bederf met ontbyt, geskenkpakkies en heerlike natgate op die baan. Die Drostdy-joggies het hierdie jaar bygedra tot die sukses en beide die joggies en die spelers het die dag vreeslik geniet. Baie van die gholfers het gesê dat dit 'n baie lekker dag was en dat hulle verseker volgende jaar weer gaan deelneem.

Mnr. Callie le Roux en sy helpers het gesorg vir unieke pryse deurdat hulle 4 riempiesbanke, 4 skinkborde en 4 kapstokke gemaak het. ONGELOOFLIK!

Die wenners van die dag het 98 punte gehad en was die span van Fred Roothman, Riaan Malherbe, Fred Malherbe en Francois van der Merwe. Baie geluk en mag julle nog vir lank julle riempiesbanke geniet. Mev. Underhay en haar span het die ongelooflike dag gereël en die skool kan met trots sê dat die dorp se besighede hulle voorwaar ondersteun.

~ Mari Möller



Reusesaamtrek = Reusesukses

Op die naweek van 6-8 Mei het daar, hier op Drostdy se gronde, 'n horde Donkies saamgetrek vir die jaarlikse Classic Clashes.

Om 'n saamtrek soos hierdie te beplan , het jy tyd en baie dryf nodig. Me Underhay was aan die stuur van hierdie beplanningsboot en saam met haar assistente het hulle vir amper 'n jaar aan hierdie reusesaamtrek beplan. Die uiteinde was 'n baie suksesvolle saamtrek waartydens ou bande tussen ou vriende weer gesmee is.

Die Vrydag het die oudskoliere saam gholf gespeel. Die dag was perfek - ten spyte van die ligte windjie - en die manne het moeg maar tevrede na die enorme tent beweeg vir die prysuitdeling. Mnr. Callie le Roux het riempiesbankies, skinkborde en kapstokke gemaak vir die prysuitdeling, maar daar was nog baie ander pryse.

Hierna is die aand amptelik afgeskop met Jak de Priester as seremoniemeester. Die aand het die vorm van 'n paneelbespreking aangeneem - amper iets soos Toks en Tjops - sonder die toks en die tjops. Mnr Richard Marshall en 'n hele klomp ander oudskoliere en legendes het hieraan deelgeneem en behoorlik die Drostdy van ouds afgestof. Die oudskoliere kon nie uitgepraat raak oor die mooi aand nie en almal is huis toe met die vooruitsig van goeie sport die komende dag.

Oudste skolier - Oom Willem Hanekom was in 1948 in matriek

Die Saterdag was natuurlik die hoogtepunt en die Eerstespan se rugby-uitslag het die naweek net nog soveel meer kleur gegee. Die oudskoliere het saam geëet en kon selfs op 'n grootskerm die wedstryd volg. Die gronde het prentjiemooi gelyk en hier kan ons nie anders as om die grondepersoneel te loof vir hul harde werk nie. Niemand kon uitgepraat raak oor die toestand van ons skoolgronde en die professionaliteit waarmee die geleentheid aangebied is nie.

Die kern van hierdie naweek was sekerlik die optel van ou verhoudingsbande. Twee vriende het mekaar die eerste keer weer gesien na 1971. Wat 'n ongelooflike gedagte om te weet dat ons hier by Drostdy - al het ons mekaar vyf en veertig jaar laas gesien - steeds hierdie gemeenskaplike vriendskaps-band kan optel en niks het verander nie. En dit was die fokus van die naweek - en dit was goed!

Drostdy groet 'n legende...

Richard John William Fox (30/10/1951 tot 9/05/2016)

... maar beter bekend by Drostdy as oom Foxie. Die witkopman het elke oggend ingekom met 'n "môre-môre". Sou 'n mens hom vra hoe dit gaan, was sy ant-woord altyd: "Arm, maar geduldig, vol liefde".

Hierdie man het vir agt jaar diep spore in Drostdy getrap. Hy het die ekstra myl vir kollegas, ouers en kinders gestap. Hy het uit sy pad gegaan vir sy medemens.

Hy was self 'n trotse Donkie. Oom Foxie was die onder-hoofseun van Drostdykoshuis en het in 1969 gematrikuleer.

Oom Foxie was by elke Drostdy-rugbywedstryd wanneer dit vir hom moontlik was. Maandae het hy baie dramaties kom vertel hoe naby die tellings was. Hy het 'n Donkiehart gehad.

Almal het oom Foxie se selfoonnommer gehad en as daar vervoer nodig was, was hy altyd beskikbaar. Hy het by geleentheid al 04:00 gery om leerders op die lughawe of by die busstop te gaan haal. Hy was dan al weer voor skool terug en reg om sy dagtaak te verrig.



Oom Richard Fox

Hy het Drostdy se voer-tuie met groot sorg en deeglikheid onderhou.

Hy het leerders gereeld veilig op sporttoere tot so ver as Pretoria vervoer.

Oom Fox word reeds so baie gemis. Hy sal lank onthou word vir sy warm persoonlikheid, menslikheid en hulpvaardigheid.

~ Mev. N. Lingenfelder

Janico elke dag beter

Janico Brink

Woensdag, 11 Mei 2016, was vir die meeste van ons net nog 'n gewone dag.Mense het gaan werk, Drostdyers het skool toe gegaan en die son het geskyn...
Wat hulle nie geweet het nie, is dat een van ons mede-Donkies 'n paar ure later in Worcester Medi-Clinic opgeneem sou word.

Janico Brink, 'n koshuisinwoner van Drostdy, afkomstig van Prince Alfred Hamlet, het ongeveer 12:20 tydens die weeklikse VCSV byeenkoms in die skoolsaal, inmekaargesak. Hy is Medi-Clinic toe geneem en daar is hy gestabliliseer. Daardie aand is hy oorgeplaas na Durbanville Medi-Clinic waar hy gediagnoseer is met Guillian-Berrét Sindroom.

Die sindroom is baie skaars en veroorsaak dat die immuunstelsel die senuweestelsel aanval in plaas van die virus self. Van die eerste simptome is dat die persoon met hierdie sindroom 'n prikkeling oor sy hele lyf voel wat dan die hele liggaam verlam. Janico se onderlyf is tans verlam en vir die jong fietsryer, landloopatleet en betrokke leerder buite skool, kan ons almal dink dat dit swaar is dat jou spiere so onbruikbaar is. Gelukkig is daar behandeling vir die sindroom en Janico se rehabilitasieproses sal ongeveer drie maande duur.

Die 17de Mei is Janico uit die ICU en in 'n gewone saal geplaas. Janico toon uitstekende vordering en gesels en lag soos altyd. Hy het elke dag fisioterapie waar hy oefen om sy beenspiere weer sterk te kry.

Die Donkies het ook bewusmaking van die seldsame siekte ondersteun deur 'n blou strikkie te koop wat hulle gedurende Mei gedra het.

Drostdy is reg agter jou, Janico! Ons hou jou plekkie hier by Drostdy veilig en ons mis jou. Ons wens jou alle sterkte toe en dat jy sommer vinnig weer daai fiets van jou teen die bult uit kan trap!

~ Yvette van der Walt

DONKIES RED LEWENS

Hierdie kwartaal het ons 137 merkwaardige helde en heldinne gehad wat bloed geskenk het om ander se lewens te red. Dorp skenk: 71 , Noordsig: 37 , Stalshuis: 10 , Drostdy: 3 en Bergsig: 16. Vir elke sakkie bloed wat geskenk word, kan tot drie lewens gered word. Elke kwartaal mik die Donkies om meer lewens te red.

Hier is 'n paar bloeiende feite:

- 1 uit elke 7 mense wat hospitaal toe gaan, benodig bloed.
- 3 teelepels bloed kan 'n baba se lewe red.
- Bloed verval na 42 dae.
- Daar word 43 000 eenhede bloed elke dag in die VSA gebruik.



~ Mariné Brink

REDAKSIE 2016	
Redaktrises:	**Shamim Gallie & Tania Venter**
Subredaktrises:	**Jani Janse van Rensburg & Yvette van der Walt**
Esmé Pettit Marli le Roux Minette Visagie Zoë Zeeman Mari Möller Mariné Brink	Armand van Rhyn Elizé Lottering Bianka Gertsner Michelle Hendricks Nadine Fick Fredalene Visagie

Drostdy verwelkom toekomstige Donkies

Ons Opedag was, soos gewoonlik, 'n reusesukses!
Op 12 April het meer as 300 mense ons skool besoek en almal was baie opgewonde oor wat daar te siene is. Die leerders is in verskillende groepe gedeel en elke groep is 'n spesifieke land toegeken wat hulle moes uitbeeld... en gees was aan die orde van die dag. Die Bestuurskomitee en VRL het as toergidse opgetree asook 'n paar onderwysers. Die leerders en ouers is op 'n toer deur die skool geneem waar almal deelgeneem het aan interessante eksperimente en vasvrakompetisies. Almal het die vreeslik baie geniet.
Na die toer is die ouers geneem na ons skoolsaal waar hulle 'n inligtingsessie bygewoon en die geleentheid gekry het om vrae te vra vir die personeel en bestuur.
Die hoogtepunt van die dag was beslis toe ons geeskomitee die leerders leer tromme speel het, asook die woorde van ons ongelooflike liedjies.
Baie dankie aan almal wat gehelp het om vanjaar se opedag 'n ware belewenis te maak.
Die uiteinde is 'n rekordgetal aansoeke van regoor die Wes-Kaap - want as ons iets doen, doen ons dit ordentlik.

~ Marli le Roux

Donkies sit die "wis" in Wiskunde

Die groot geboue toring bo ons terwyl ons senuweeagtig aan die somme in ons koppe maal. Soos die skoenlappers in die maag, is ons almal heel verward, maar te danke aan die onderwysers het ons die pad gevind deur die lang strate van die Universiteit van Kaapstad.
Die leerlinge wat Drostdy by die UCT Wiskunde -olimpiade verteenwoordig het, het dit gate uit geniet. Al die somme en probleme het die Donkies behoorlik laat kopkrap. Dit was 'n wonderlike ervaring en ek is seker niemand kan wag vir volgende jaar nie.
Oor die 7000 leerders het aan die olimpiade deelgeneem, waarvan Drostdy 75 leerders ingeskryf het. Die volgende leerders het 'n merietetoekenning ontvang:

You know what seems odd to me? Numbers that aren't divisible by two."

<u>Graad 8 :</u>
Individueel:
- Wihan Linde
- Armand van Rhyn

Pare:
- Ruan Vorster en Phillip Alberts
- SW Zeeman en Frikkie Botha

<u>Graad 9:</u>
Individueel:
- Gershon Speelman

Pare:
- Juan Cornelissen en FD Rabie

<u>Graad 10:</u>
Individueel:
- Yvette van der Walt
- Adriaan Alberts

Pare:
- Kyle Olivier en Ben-Ernst Botha

<u>Graad 8</u>
~ Zoë Zeeman en Minette Visagie

<u>Graad 11:</u>
Individueel:
- Astrid Bothman
- Phillip Cornelissen
- Stefan du Plessis

<u>Graad 12:</u>
Individueel:
- Aiden Brandt
- Nicolas Truter

Pare:
- Carmen Victor en Curtney Hofmeester



WISKUNDE BOM!

Adriaan Alberts (Graad 10) is aangewys as die leerder wat die beste prestasie in Drostdy behaal het.
Hy het 'n geskenkbewys ontvang van die Oxford University Press.
Baie geluk, jy hou Drostdy se naam hoog!

PASOP BILL GATES!

Hier kom die DONKIES!

Die meeste van ons gebruik rekenaars om speletjies te speel of vir take... Die RTT en IT-studente weet egter wat hulle doen, want om aan die Suid-Afrikaanse Rekenaar Olimpiade deel te neem is nie 'n grap nie.

Die Suid-Afrikaanse Rekenaar Olimpiade is een van die oudste olimpiades van sy soort in die wereld . Dit het in 1984 begin toe 'n groep onderwysers *Old Mutual* genader het vir borgskap vir die olimpiade. Dit is vir 20 jaar deur *Old Mutual* befonds en soos wat die jare aangegaan het, het die olimpiade ook aangepas om by die tegnologie te bly.

Vandag is daar 3 Olimpiades. Die eerste Olimpiade is die "Talent Search" olimpiade waar daar gesoek word na enige versteekte talent wat leerders het met betrekking tot rekenaars. Hierdie olimpiade is reeds in die eerste kwartaal geskryf . Dit kan ook gesien word as 'n goeie aanduiding of leerders Fisiese Wetenskap, Wiskunde of 'n rekenaarverwante vak soos RTT of IT kan neem as een van hul vakkeuses.

Die tweede Olimpiade, "Application"' word deur *The Institute of IT Professionals South Africa* en *Netlearn* geborg. Dit is 'n aanlyntoets wat deur leerders op die Internet geskryf word. Daar word verskeie probleme aan die leerders gegee wat hulle dan moet oplos deur van die toepassingsprogramme, tot hul beskikking, gebruik te maak. Leerders neem in hul eie graadgroepe teen mekaar deel. Daar was dertig leerders wat op die 5de Mei deelgeneem het aan die olimpiade .

Die derde olimpiade ,"Programming", sal in die derde kwartaal geskryf word. Hierdie olimpiade is meer vir die leerders wat IT as vak neem en hulle vermoëns om te programmeer word getoets.

Tot op hede is die uitslae nog nie beskikbaar nie.

Baie voorspoed aan almal wat steeds in die "game" is.

FAK - AFRIKAANSE INTERNASIONALE SKOLE-EKSPO

Ons leerders kan hierdie jaar deelneem aan 'n kompetisie met 'n ander kleur. Die FAK bied 'n kompetisie aan waartydens leerders aan 'n internasionale ekspo kan deelneem en die eerste prys is 'n oorsese reis.

Daar kan op verskillende maniere ingeskryf word in twee kategorieë.

Die eerste kategorie is die Afrikaanse geskiedeniskategorie en die tema is 10 jaar van Afrikaanse films. Deur middel van 'n dagboekinskrywing, 'n historiese opstel, skilderkuns, 'n koerantberig, advertensie of storieboek kan leerders hulself op 'n kreatiewe manier uitleef.

Die algemene Afrikaanse kategorie behels die skryf van 'n kortverhaal, 'n Afrikaanse liedjie, poësie, die maak van 'n plakboek, fotografie of die skryf van 'n strokiesverhaal.

Die sluitingsdatum is die 31ste Julie en leerders wat nog inligting wil bekom, kan die webtuiste besoek by www.fak.org.za - kliek op kultuur.

fak

tuiste. trots. toekoms.

Taal en Donkies Word Een

Op 11 April 2016 het ons Donkies hulle taalkennis getoets. Hierdie was egter nie 'n skooleksamen nie ! Néé , dit was alweer SA Taalbondtyd.

Hierdie jaar het elke opvoeder in die Afrikaansdepartement hard gewerk om elke leerder te oortuig om aan die Taalbond deel te neem. Leerders kon op junior sowel as senior vlak inskryf. Ons was goed verteenwoordig, want die Donkies is mos op alle terreine betrokke.

Wat die SA Taalbond so belangrik maak, is dat dit nie net nog 'n eksamen is nie. Ook is dit nie net Drostdy-leerders wat getoets word nie. Alle hoërskole van regoor die Suid-Afrikaanse medium kan aan hierdie tweetaligheidseksamen (Afrikaans en Engels) deelneem. Die eksamen word alreeds sedert 1953 jaarliks afgelê. Leerders ontvang ook 'n amptelike sertifikaat om hulle tweetaligheidsvermoë te bevestig. Groot pryse kan ook gewen word, insluitende 'n gedeeltelike studiebeurs aan die Universiteit van Stellenbosch.

Hierdie jaar se uitslae sal in Augustus bekend wees. Ons weet byvoorbaat al dat ons "Donkies vol taal" goeie uitslae sal behaal.

Ons nooi ook nou alreeds die hele skool om volgende jaar deel te wees van die SA Taalbondeksamen.

~ Mnr.R.Hunter

VCSV

You will never influence the world trying to be like it.

Drostdy is definitief nie soos die res van die wêreld die afgelope kwartaal nie. Daar is 'n onbeskryflike liefde-atmosfeer wat heers oor die Donkies. Almal gee om vir mekaar en die broederskap word elke dag sterker.

By die VCSV is dinge egter ook uniek en in ons kringe word verhoudings elke dag gebou.

God is nie net goed omdat dit goed gaan nie, Liezl sterk nog aan na haar ongeluk, God is goed, Janico is siek , God bly goed.

God is lief vir dans en hy dans op ons vals note oor die vreugde in die wêreld en hy dans met trane in sy oë oor al die hartseer wat ons in die wêreld bring, en dis juis daardie vals note wat ons by die VCSV besig is om te verander in vreugdevolle note , want ons is en bly kinders van God.
As jy nog nie by 'n VCSV geleentheid was nie, beter jy vinnig 'n plan maak , want daar gaan dit net fantasties!

Die kwartaal was besig en deurmekaar en Drostdy het baie hartseer in Mei beleef, maar die VCSV het gesorg dat die liefde-atmosfeer steeds teenwoordig is.

Ons VCSV kringleiers het baie planne vir die toekoms van Drostdy se VCSV en ons kan nie wag om dit 'n werklikheid te maak nie.

Ons het die welbekende "grot" tydens 'n twee-uur-lange skoonmaaksessie 'n heel nuwe voorkoms gegee. Ons beplan om elke pouse in die grot te bid, nie net vir die skool nie, maar vir elke leerder. Daarmee saam wil ons elke Donkie uitnooi om eerste pouses saam te kom bid oor dinge wat op jou hart is.

Die VCSV bestaan hierdie jaar vir 120 jaar en ons beplan een lekker partytjie vir Jesus. Natuurlik met koek! Elke Woensdag doen oom Gerhard en al die kringleiers ekstra moeite om ons kinders se geloof in God groter en sterker te maak.

~ Jani Janse van Rensburg

Fees van Woorde

Hier is die uitslae van die leerders wat deelgeneem het aan die jaarlikse Radikale Redenaars- en Leesfees asook die ATKV-redenaars. Die Donkies het uitstekend gevaar en baie het deurgedring na die Nasionale Finale rondte by Hoërskool Garsfontein in Pretoria vir die Radikale kompetisie. Hierdie finale rondte vind plaas in die derde kwartaal. Baie geluk met julle besonderse prestasies.

Graad 8

Mariné Brink	Lees	Prosa Poësie Prose Poetry	Wes-Kaap Finaal Wes-Kaap Finaal Nasionale Finaal Nasionale Finaal
Elizé Lottering	Lees	Prosa	Wes-Kaap Finaal
Mia Ramsauer	Redenaars	ATKV	Semi-Finaal

Graad 9

Antoinette Steijn	Lees	Prosa Poësie Prose Poetry	Nasional Finaal Nasional Finaal Nasional Finaal Nasional Finaal

Graad 10

Ané Brink	Lees	Prosa Poetry	Nasionale Finaal Wes-Kaap Finaal
Corli Ramsauer	Lees	Prosa Poësie	Nasionale Finaal Nasionale Finaal
Marizaan Brink	Lees	Poetry	Wes-Kaap Finaal
Francois Venter	Lees	Prose	Nasionale Finaal
Jana Neethling	Lees	Poetry	Wes-Kaap Finaal

Graad 11

Shamim Gallie	Lees	Poësie Prose Poetry	Nasionale Finaal Nasionale Finaal Nasionale Finaal
Taryn Alexander	Lees	Prosa Prose	Nasionale Finaal Nasionale Finaal
Mariechen Jordaan	Lees	Prosa Poësie Poetry	Nasionale Finaal Nasionale Finaal Nasionale Finaal
Joh-Mari Marais	Redenaars	Radikaal ATKV	Wes-Kaap Finaal Nasionaal Semi-Finaal

Baie geluk aan Joshua Smit, links, 'n graad 8-leerder, wat die Wes-Kaap wenner van die ATKV redenaars is in sy kategorie. Baie geluk, jy maak ons trots.

In 'n NOTEDOP...

"Should I give up? Or should I just keep chasin' pavements." Die Donkies sukkel nie om te besluit nie. Hulle het die beoordelaars by die Windworx Fanfare beïndruk met hul uitstekende uitvoering van "Chasing Pavements", "All about that bass" en "Bad Romance". Die beoordelaars het slegs positiewe kommentaar gelewer en die orkes behaal "hoogste eer", 89%, vir hul optrede. Baie dankie aan mev. Krige en mnr. Ras vir al hul insette om die orkes op topvlak te kry, asook vir die leerders wat elke week getrou kom oefen.
Baie geluk met julle puik prestasie!



UNISA MUSIEKUITSLAE

Die kwartaal was dit weer tyd vir Unisa-musiekeksamens en 31 leerders van Drostdy het, in Mei, eksamen gespeel. Die Donkies het weereens uitmuntend presteer, 1 leerder behaal 90%, 23 leerders behaal 80-89% en 7 leerders behaal 70-79%. Baie geluk aan Christo Erasmus met sy uitsonderlike prestasie van 90% vir sy Graad 7 trompet-eksamen. Dis ook die eerste keer in Drostdy se geskiedenis dat 'n leerder Graad 7 speel en ook so puik presteer. Baie geluk met julle pragtige prestasies.
Die uitslae van die musiekeksamen is soos volg:

VVA – EKSAMENS

A++(90%+)

1.	CHRISTO ERASMUS	TP7

A+(85% - 89%)

2.	DANIE LE ROUX	TP7
3.	TANIA VENTER	EUF5
4.	LEREZE SE SCANDé	EUF5
5.	MELCHIOR VAN DER BERG	TP3
6.	KARLA VAN RENSBURG	PE2
7.	ANTOINETTE STEYN	TP2

A(80 – 84%)

8.	ALBERT LE ROUX	TP6
9.	ASTRID BOTHMA	TP6
10.	THINUS POOL	TB6
11.	ANRO SMIT	TP5
12.	MAURITZ SWART	EUF4
13.	ULRICH SCHREUDER	TP3
14.	CARLA BRINK	TB3
15.	LEANA COETZEE	TP2
16.	TALITHA PRETORIUS	TP2
17.	STEPHAN HENDRIKS	EUF2
18.	NICHOLAS HORTON	PE2
19.	MATTHEW PRETORIUS	PE1

B+(75% - 79%)

20.	MARELIZE UYS	TP4
21.	FRANCOIS ENGELBRECHT	TP3
22.	WOUTER MONGIE	PE1

B(70% - 74%)

23.	TANYA OOSTHUIZEN	EUF3
24.	BERNAERT MULLER	PE1

GRAADEKSAMENS

1. MELCHIOR VAN DER BERG	TP1	86%
2. YVETTE VAN DER WALT	EUF3	82%
3. AARON HARKER	TP3	81%
4. DANIEL GALANT	TRB2	80%
5. ANJA COETZEE	PE1	80%
6. SUMARI PRETORIUS	TB1	78%
7. HERBST DU PLESSIS	EUF2	77%

Mnr.Armand Swart

Wat is meneer se volle naam?

Armand Swart

Wat is u stokperdjies?

Om buite te wees, draf, fietsry en gholf.

Wat is u dorp van herkoms?

Helderstroom - toe

Worcester.

Enige interessante feite wat ons moet weet?

Ek was in Drostdy.

(Ek is 'n toekomstige miljoenêr)

Waar het u studeer?

UNISA

Wat is meneer se gunsteling superheld?

Spider-Man

Wat is uniek aan Drostdy?

Die manier van handeklap asook die mooi skoolgeboue en gronde.

Wat wil u in Drostdy bereik?

Ek wil 'n verskil in mense se lewens wees.

Enige troeteldiere?

Ja, 'n Jack Russel (Minki) en Mnr. Oupie

Kalender vir Kwartaal 3



Doen Dit SELF!

Is jy moeg daarvoor dat jou selfoon se luidspreker te sag is? Wel, hier is vir jou 'n maklike blink idee om self te doen!

Benodigdhede :

- ☐ 1 Toiletrolletjie
- ☐ 2 Papier -/ Plastiekkoppies
- ☐ Skêr

Knip 'n smal reghoekige vorm in die toiletrolletjie, groot genoeg vir jou selfoon. Knip daarna 'n sirkel in die koppie, waarin die toilet rol sal pas en doen dieselfde met die ander koppie. Sit nou jou selfoon in die toiletrolletjie en plaas beide koppies aan die kante van die toiletrolletjie en siedaar!
'n Unieke luidspreker binne minder as 2 minute.



~ Fredalene Visagie

MY STORIES BEGIN AS LETTERS

My pen is my wonderland.
Word water in my hand.
In my pen is wonder ink.
Stories sing. Stories sink.

My stories loop. My stories stop.
My pen is my wonder mop.
Drink letters. Drink my ink.
My pen is blind. My stories blink.

Het jy iets vreemd opgemerk toe jy dit lees? Jy is dan een van die 4 uit 'n 100 mense wat opmerk dat hierdie stukkie in Afrikaans en in Engels gelees kan word.

Weereens is dit 'n bewys watter wonderlike en veelsydige taal Afrikaans is!

Raai, Raai...

Raai watter sêgoed pas by watter onderwyser.



Antwoorde: 1 Juf. Krouwkam, 2 Mnr.Van Wyk, 3 Mnr.Groenewald, 4 Mnr.Minnaar.

Onthou jy Nog?

Meeste van ons het dit gate uit geniet om kinderstories en -flieks te kyk toe ons jonger was en almal het daardie een superheld gehad wat alles die "beste" kan doen. Onthou jy nog watter karakter pas by watter storie? Kyk of jy die volgende prentjies by die regte storie kan pas. Die antwoorde is onderaan die bladsy.

1



2

3

4

5



6

7



8

9



10



11

12



13



14

15

1)Spongebob Squarepants, 2)Captain America, 3)Hotel Transylvania, 4)Shrek, 5)Ratatouille, 6)The Incredibles, 7)Sylvester&Tweety, 8) Monsters,Inc. , 9)Cars, 10) Despicable Me, 11)Toy Story, 12)Lion King, 13)Aladdin, 14)Powerpuff Girls, 15)The Jungle Book.